Julie 2022

# Stellenberger

## Diep spore in 39 jaar getrap – ds. Why Duvenhage groet






Na 'n loopbaan van 14 jaar as voltydse leraar van Stellenberg-gemeente, tree ds. Why Duvenhage op 31 Julie af. *Stellenberger* het so tussen die uitreike in Leeu-Gamka en Calitzdorp deur met hom gesels oor dit wat hy alles oor die afgelope 39 jaar heen in die bediening beleef het.

**Jy is sedert 2008 jaar 'n voltydse leraar van Stellenberg-gemeente en voorheen was jy 'n kapelaan in die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Hoekom het jy die Polisiediens vir 'n bediening by 'n voorstedelike gemeente verruil?** Ek het reeds in 2000, via een van die gemeente se lidmate, by Stellenberg-gemeente aangesluit en aanvanklik was ek net as kapelaan aan die gemeente gekoppel. In daardie stadium is kapelaansposte in die polisiediens geherstruktureer wat tot gevolg sou hê dat ek ander funksies in die polisiediens sou moes verrig. En dit het dan daartoe gelei dat ek voltyds by Stellenberg-gemeente betrokke geraak het.

**Hoeveel jaar was jy 'n kapelaan en wat sal jou altyd van dié bediening bybly?** Ek was 15 jaar in die polisiediens. Dit sluit twee jaar opleiding as polisiebeampte in. Die adrenaliengevulde aard van die werk en kapelaansdiens in die polisiediens sal my altyd bybly. Aanvanklik was my werk baie toegespits op die bediening van grensposte en om besoeke aan polisiestasies te bring. Later jare het ek meer op 'n nasionale vlak na die geestelike begeleiding van beamptes omgesien deur middel van die aanbieding van konferensies en retraites. Een van die hoogtepunte van my bediening was die stigting van die Christelike Polisievereniging saam met my goeie vriend, Quintes Smit. Na my aftrede sal ek steeds graag by die vereniging betrokke wil bly.

Vervolg op bladsy 2 . . .

**Het jy ooit 'n ander loopbaan as die van predikant oorweeg, en wat het die deurslag gebied dat jy vir teologiese studie ingeskryf het?** Tydens my hoërskooljare was ek baie gemotiveerd om medies te gaan studeer. Eers laat in my graad 11-jaar het ek meer en meer oortuig daarvan geraak dat ek teologie moes gaan studeer. Ek het in daardie tyd van my lewe 'n diep geestelike ervaring gehad waar ek 'n bewuste roeping ontvang het om mense in nood te begelei en veral jongmense te bedien.

**Uitreike en die mense van ons land in die Karoo, Mavusa, Iziyamu Yethu en so kan 'n mens opnoem, lê jou baie na aan die hart. Hoekom het uitreik na minderbevoorregte gemeenskappe oor die jare heen so 'n passie by jou gebly? Het jy 'n idee hoeveel kilometer jy tydens jou bedieningsjare na al die uitreikdorpe afgelê het?** Deur die oë van die polisiediens sien 'n mens baie verskillende en gebroke situasies in ons land. Ek het op dié manier by plekke soos Mavusa betrokke geraak. Ek besef my bydrae is soos die spreekwoordelike druppel in die emmer, maar ek wou sover moontlik mense mobiliseer om op hierdie plekke uit te kom sodat hulle self kon sien en beleef wat in ons land gebeur. Dit het wel vrugte afgewerp deurdat vele harte tydens uitreike vir dié haglike omstandighede gebreek het en uitreikers met deernis vir dié dorpe en hulle inwoners gevul het.

Uitreike het vir my 'n passie geword omdat ek gesien het die formele strukture van die staat en selfs die kerk, het op grondvlak nie werklik 'n verskil in mense se lewens gemaak nie. Mense het 'n behoefte aan persoonlike kontak en dit is die seën wat uitreike na mense neem. Hulle ontvang nie net 'n kospakkie nie. Nee, daar is meer – daar is persoonlike kontak, iemand wat vir daardie persoon in nood bid en omgee. Dít vuur my passie aan.

Oor die hoeveelheid kilometers wat ek gery het . . . dis eintlik 'n onmoontlike som. Ek het geen idee hoeveel derduisende kilometers ek die afgelope jare na uitreikplekke afgelê het nie. Al wat ek weet is, dit moes baie gewees het.

**Hoe het jy die swaarkry van mense – wat jy tydens uitreikbesoeke moes waarneem – verwerk?** Dit was by tye vir my baie traumaties. Dikwels moet 'n mens maar wegkyk en wegstap, ander kere is jy geforseer om direk betrokke te raak. Dis goed om na die tyd met iemand daaroor te gesels, amper soos hulle in die polisie sê, om te "debrief". Ander kere het ek 'n lang ent in die veld gaan stap en met die Here daaroor gepraat.

**Watter nood, of situasie het besonder erg aan jou hart geruk?** Die nood van verwaarlosing en mishandeling van kinders. Dit is eenvoudig vir my verskriklik om te aanskou. Dit is ongelukkig 'n werklikheid dat daar in arm gemeenskappe met 'n hoë voorkoms van maatskaplike probleme, ook 'n hoë voorkoms van geweld is – dit breek my hart.

**Met die ondervinding wat jy op voetsoolvlak onder die die armste gemeenskappe van ons land opgedoen het – wat glo jy is nodig om verandering in dié gemeenskappe tot stand te bring? Hoe kan die kringloop van armoede gebreek word?**

Ek dink wat nodig is, is selfonderhouding. Ek besef ek is self skuldig daaraan en dat ons dikwels sop, klere, ens. uitdeel en ek besef dit moet gebeur, maar dit mag egter nooit net by uitdeel bly nie. Daar moet saam met die uitdeel 'n begeleidingsproses wees waar mense geleer word om die vis self te vang. Ek is opgewonde oor 'n entrepreneurswerkswinkel wat ons die afgelope weke vir leiers aangebied het.

Vervolg op bladsy 3 . . .

Daar was 25 jongmense en ons kon hulle denke stimuleer en aan hulle verduidelik hoe 'n entrepreneur moet dink en waar hulle geleenthede kan raaksien.

As gevolg van die politieke situasie in ons land het 'n groot deel van ons bevolking ongelukkig van toelaes afhanklik geraak. Dit het voordele, maar ook nadele. Die afhanklikheid is toksies en selfbemagtiging is van kardinale belang.

**Wat is jou gunstelingplek in Suid-Afrika en ook in die wêreld en hoekom?** Dit is 'n baie moeilike vraag. Die eerste plek wat by my opkom, is die Apostelbattery-kampterrein in Llandudno waar ek al 29 jaar betrokke is by leierskapsontwikkelingsprogramme. Mavuso in sy eenvoud is beslis ook 'n gunsteling. Wyer – Humelake Christian Camps, Kalifornië, waar ek al oor die jare heen betrokke geraak het en waarheen ek twee keer tienergroepe van Stellenberg, asook uit die res van Suid-Afrika, geneem het.

**Jy is passievol oor die opleiding van leiers en dié benadering maak baie sin. Wat is jou droom vir leiers in Suid-Afrikaanse gemeenskappe?** Die wêreld het 'n ongelooflike groot behoefte aan leiers. Dan verwys ek nie na gekose leiers nie, maar alle mense wat inisiatief neem en passievol 'n verandering in hulle onmiddellike omgewing teweeg bring. In Suid-Afrika is 'n nuwe stel leiers nodig en hulle moet nie net bestuurders wees nie. Dit moet leiers wees wie se harte breek vir dit wat hulle sien en dan opstaan en iets kreatiefs daaromtrent doen. Leierskapsontwikkeling by ons eie jongmense en tieners is so belangrik.

**Jy bied gereeld leierskapskonferensies vir mense in ander lande aan. Hoe verskil die uitdagings van leiers in ander lande teenoor die van Suid-Afrika?** Deur die Pointment Leadership Institute het ek al leierskapsprogramme in Egipte, Nigerië, Tiberië, Kenia, Zambië, Zimbabwe, Amerika, Skotland en Roemenië aangebied. Elke land is verskillend en leierskapstyle moet volgens elke land se behoeftes aangepas word. Ek dink die groot verskil tussen Suid-Afrika en ander lande is dat daar 'n baie sterk werksetiek in ander lande teenwoordig is. In Suid-Afrika sukkel ons daarmee omdat ons leierskap as iets beskou wat aan 'n pos of posisie gekoppel is. In ander lande is dit vir my opmerklik dat mense baie makliker inisiatief neem om self 'n verskil te maak.

**Wie is jou mentor, of 'n rolmodel en watter waarde het die persoon tot jou lewe toegevoeg?** My pa was deur al die jare heen my grootste mentor en rolmodel. Ek het hom ongelukkig op 'n vroeë ouderdom aan die dood afgestaan, maar hy was ongetwyfeld die persoon wat my die meeste beïnvloed het en voorberei het op dit wat vir my in die lewe wag. Sy integriteit, passie vir die lewe en hardwerkendheid, was van die grootste lesse wat ek by hom geleer het.

**Jy is die trotse pa van vier seuns. Het jy ooit gedink twee van jou seuns sal ook voltyds in die bediening werksaam wees?**

Ek is 'n baie dankbare en trotse pa van vier seuns. Die vier manne, asook my vrou, Zandra, is waarskynlik die grootste geskenke wat ek uit die Here se hand ontvang het. Ek het aanvanklik nooit gedink enige een van hulle sal in die bediening betrokke raak nie, aangesien sport altyd 'n ontsettende groot rol in hul lewens gespeel het. Dit was wonderlik om te sien hoe twee van hulle toe wel uit persoonlike oortuiging tot die bediening toegetree het. Die areas van hulle bediening verskil egter baie. Gerhard is grootliks betrokke by die opleiding van jeugleiers in Afrika en Anton is voltyds jeugleraar in 'n NG kerk. Ons jaarlikse pa-en-seun-jagtogte is altyd die hoogtepunt op my kalender.

Vervolg op bladsy 4 . . .

**Kinders grootmaak was en is geensins maklik nie. Watter raad het jy aan jong pa's om 'n goeie verhouding met hulle kinders te vestig?** Ek stem saam, om kinders groot te maak is regtig moeilik. My raad is: Werk baie hard aan jou verhouding met jou kinders. Gee baie aandag daaraan, selfs in tye wanneer dit moeilik is. Moet nooit voorgee, of vals wees nie. Klim in hulle leefwêrelde in en kyk na die wêreld deur hulle oë. Wees 'n leier vir jou kinders – dis 'n voorreg.

**Om die trotse oupa te wees van vier kleindogters is 'n groot voorreg. Wat is vir jou die lekkerste omtrent oupa-wees?** Dis wanneer hulle jou "Oupa" noem en jy die geleentheid kry om oupa-dinge te doen soos om te terg, net om te gee en te bederf, maar wanneer hulle stout raak aan hulle ouers te kan teruggee.

**Jy en Zandra gaan steeds in julle huis in die gemeente woon. By watter gemeenteaktiwiteite sal jy graag betrokke wil bly?** Ja, ons gaan steeds in ons huis in die gemeente woon. Ek dink nooit ver vooruit nie, maar indien ek by aktiwiteite soos uitreike betrokke kan bly, sal ek dit met groot vreugde doen.

**Gaan jy nog steeds in jou persoonlike hoedanigheid by van jou bedienings betrokke bly? Indien wel, by watter en hoe gaan jou betrokkenheid daarna uitsien?** Na my aftrede sal ek graag by die projek in Mavusa betrokke bly. Ons het dit van die grond af opgebou en tans funksioneer dit goed. Ek sal ook mettertyd evalueer watter rol ek in die Transkei kan speel en verder sal ek as direkteur by Apostelbattery-kampterrein, betrokke bly by die kampe vir minderbevoorregte kinders, leierskapsontwikkeling en die karakterboukampe wat by Apostel aangebied word.

**Zandra is 'n onderwyser in Afrikaans by Hoërskool Stellenberg. Beplan sy om ook binnekort die tuig neer te lê? Het julle dan planne om 'n emmerskoplysie kaf te draf?**

Zandra geniet haar werk by Hoërskool Stellenberg baie. Sy is ook betrokke by die skool se debatspanne en beplan om indien alles goed verloop, eers teen einde 2023 die tuig neer te lê. Die emmerskoplysie – ek sou baie graag meer intensief deur ons land wou toer. Ek glo wanneer Zandra nie meer voltyds werk nie, ons sulke toere en selfs dalk buite ons landsgrense, saam sal aanpak.

Ek kyk met ontsettende groot dankbaarheid terug oor my jare in die bediening. Ek is veral dankbaar dat ek tot op die ouderdom van 65 voltyds in die bediening kon bly. Ek voel dat ek goed gebruik is, ten spyte van my eie broosheid en swakheid. Ek dink met baie heimwee terug aan duisende kampe en die voorreg wat ek gehad het om jongmense te begelei en weer 'n sprankel van hoop in hulle oë te sien.

# Sharon en Chantelle – twee aartsengele



Sharon Pienaar en Chantelle Botha is 'n ma-en-dogter-span wat die afgelope nege jaar saam-saam 'n privaat ouetehuis vir selfversorgende bejaardes in Bellville bedryf. Chantelle vertel dat haar pa die groot dryfveer agter die besigheid wat hulle in 2000 begin het, was.

"My ma is in haar laat dertigs met kanker gediagnoseer. In daardie stadium het sy voltyds by Stad Kaapstad gewerk en my pa het gevoel sy moet iets anders begin doen sodat ons as 'n gesin meer tyd saam kon deurbring. Haar diagnose en gepaardgaande familiegeskiedenis het hom opnuut tot die besef gebring dat ons tyd saam baie kosbaar is.

"In sy soektog na 'n ander werksgeleentheid vir my ma het hy toe op 'n huis in Ou Paarlweg in Bellville afgekom en die gedagte van 'n losieshuis of ouetehuis vir bejaardes, het by hom posgevat. My ma was maar aanvanklik baie skepties oor die besigheid. Sy was nie seker of sy met bejaardes sou kon werk nie en sê sy het toe baie soos Jona gevoel wat die opdrag ontvang het om Nineve toe te gaan, maar nie gereed gevoel het daarvoor nie.

"My pa het egter deurgedruk met sy droom van 'n familiebesigheid en die eiendom gekoop en so het Die Herberg, soos die besigheid bekend staan, met 37 kamers sy ontstaan gehad. Die Herberg bied teen R6 300 per maand aan alle inwoners verblyf, drie etes per dag, asook 'n kamerskoonmaak- en wasgoeddiens."

Chantelle vertel dat haar pa ook 11 jaar gelede uit die bloute met kanker gediagnoseer is. In daardie stadium het Chantelle 'n goeie werk by 'n in- en uitvoermaatskappy gehad. Haar pa moes skielik gehospitaliseer word en terselfdertyd is haar ma toe ook in die hospitaal opgeneem vir 'n tweede mastektomie. "Toe moet iemand inspring!" sê Chantelle. "Die Herberg moes bestuur word. Ek was toe maar 21 jaar oud en my boetie was nog op skool en ek was dus die enigste een wat my ouers kon help. Ek het uiteindelik my werk bedank en is sedertdien voltyds by Die Herberg."

Op die vraag wat die twee vroue motiveer om met die besigheid vol te hou, is hulle antwoord kort en kragtig. Hulle het 'n passie om mense te help. "Hier het vier maande gelede 'n vrou by ons beland," vertel Sharon. Sy en haar man het eers permanent in Hardekraaltjie-karavaanpark gewoon. Haar man is later oorlede en sy kon nie meer alleen in die vervalle woonwaentjie aanbly nie. Sedert sy hier by ons woon, het sy fisies soveel sterker geword en lyk sy in die kort tydjie soveel beter. Dit is vir sulke mense wat ons voortgaan met Die Herberg, ten spyte van al die frustrasies met warmwatersilinders wat breek en inwoners wat soms veeleisend raak. In sulke tye praat my seun en Chantelle se man ons weer moed in om net vol te hou met die werk. Ons inwoners is meestal maar van staatstoelaes afhanklik en hulle kinders moet hulle help om die maandelikse tarief te betaal, maar Die Herberg is vir hulle 'n tuiste waar hulle veilig is en versorg word."

Vervolg op bladsy 6 . . .

Sharon en Chantelle beaam beide dat hulle sewe uitstekende personeellede in diens het. Die vroue is almal Christene en tree baie sorgsaam teenoor die inwoners op. Hulle doen moeite met die maaltye wat hulle voorberei en ken al die inwoners se voor- en afkeure. Hulle was ook al sewe bereid om tydens die Covid-19-pandemie voltyds in te woon en het hulle eie gesinne afgeskeep ter wille van die versorging van ons mense. Ons het danksy hulle opoffering nie een positiewe Covid-19-geval in Die Herberg gehad nie.

Sharon, Chantelle en haar man, Ruan, asook die kinders, Liam en Misha, is almal lidmate van Stellenberg-gemeente. Chantelle sê hulle voel tuis in die gemeente en dit is selfs vir die kinders lekker om Sondae saam met hulle ouers kerk toe te kom.

Beide Sharon en Chantelle se geloof in God het hulle die afgelope 22 jaar deur baie moeilike tye gedra. Vandat Sharon in 2000 die eerste keer met kanker gediagnoseer is en hulle boonop hul pa en man nege jaar gelede aan die dood moes afstaan, is God hulle anker. “Ons gesin het regtig moeilike tye saam beleef, maar dit het tot gevolg gehad dat ons net nader aan mekaar gekom het,” sê Chantelle.

Hierdie gesin wat hulle eie lewens deurentyd met hoop en geloof lei, skep ten spyte van hulle eie hartseer en verlies ’n baken van hoop vir ander.

# Jaco Strydom besoek die gemeente

Jaco Strydom, bekende skrywer en teoloog, besoek die gemeente. Teken gerus die volgende geleenthede in jou dagboek aan.




- Sondag 31 Julie 09:00 in die kerk
  Ds. Jaco Strydom preek tydens die oggenddiens.

- Dinsdag 2 Aug. 18:00 in die kleinsaal
  Boekbekendstelling: Deon Meiring gesels met Jaco Strydom oor sy nuwe boek, Alle sondaars welkom. Bring ’n piekniekmandjie met eetgoed saam. Wyn en koeldrank word voorsien. Bespreek jou plek deur die QR-kode te skandeer, of kontak Anneke by anneke @stellenberg.co.za

•Woensdag 3 Aug. 18:30 in die kleinsaal | ’n Gesprek met Jaco Strydom saam met jongmense van die gemeente. Almal tussen 19 en 35 jaar oud, asook diegene jonk van gees, word uitgenooi om die gesprek by te woon.

# Ds. Marius Schoombie – jonk in lewensjare, maar ryk aan lewenservaring

Ds. Marius Schoombie is sedert 1 Julie voltyds in diens van Stellenberg-gemeente. Hy is aangestel as die leraar met fokus op die jeug, wat die bediening van tieners, jong volwassenes en ook studente insluit. Daarmee saam sal hy ook verantwoordelikheid vir sekere ander bedienings in die gemeente aanvaar.

*Stellenberger* het met hom gesels om hom 'n bietjie beter te leer ken.



**Vertel ons waar jy grootgeword het en iets oor jou gesin en vormingsjare.**

Ek is in Pretoria gebore en het in 'n liefdevolle ouerhuis grootgeword saam met my twee broers. Ek was in Laerskool Elarduspark en in Hoërskool Waterkloof. My pa is 'n ingenieur en my ma was eers 'n verpleegster, maar nadat ons gebore is, voltyds 'n tuisteskepper.

My oudste broer is oorlede toe ek 15 jaar oud was. Hy was 'n teologiestudent en het op die aand van sy dood nog by ons gemeente in Elarduspark gepreek. Op pad huis toe het 'n bestuurder wat onder die invloed van alkohol was, in hom vasgejaag. Hy is eers in die hospitaal opgeneem, maar is tydens hospitalisasie oorlede.

Die insident het 'n ingrypende invloed op my lewe gehad. Ek glo dit is dan ook dié trauma wat my 'n sensitiwiteit vir ander se seer en trauma laat ontwikkel het.

My grootwordjare was vol boomklim en natuur. My ma het my leer bak, waarvoor ek nou nog baie lief is en my pa het my geleer om alles uitmekaar uit te haal en weer reg te maak. Ek was ook baie lief vir sport en speel nou nog graag amper alles!

**Het jy van skool gehou, of het jy eerder tuis op ander plekke gevoel?**

Skool was nie noodwendig vir my sleg nie. Daar was komponente waarvan ek gehou het, soos dat ek hokkie geniet het. Ek was onderhoofseun van Hoërskool Waterkloof, maar skool was nie eintlik my eerste prioriteit nie. Ek was in daardie fase van my lewe effens stroomop en ek wou nie noodwendig in 'n bepaalde boksie of raampie inpas nie. Ek was eerder vriende met die ouens wat buite die aanvaarde norme en reëls gefunksioneer het. Ek het interessant genoeg baie meer tuis by die kerk as in die skool gevoel.

Ons gemeente, NG kerk Elarduspark, het baie moeite met hulle tienerbediening gedoen en my oudste broer was voor sy dood ook baie betrokke by dié bediening. Hy en van sy vriende het juis 'n bediening begin wat baie aktief en gewild was en waarby ek toe ook betrokke geraak het. Dit was sy nalatenskap aan die gemeente en ek wou graag daar betrokke bly sodat ek sy storie kon laat voortleef.

Vervolg op bladsy 8 . . .

**Hoekom teologie studeer?**

Om teologie te studeer was half en half vir my 'n natuurlike keuse en ook deel van my storie. Ek was lief vir die kerk en die geskiedenis van die Bybel en die teologie het my geweldig geïnteresseer.

Wat betref die roeping om voltyds in die bediening te gaan, dink ek daar is twee roetes wat 'n mens kan volg. Die een is soos Paulus se Damaskuservaring, waar iets ingrypends in 'n mens se lewe gebeur en jy dan geroepe voel om jou lewe aan die bediening te wy. Die ander is meer 'n roete soos Samuel se lewensverhaal, waar 'n mens se geloofsreis maar nog altyd deel van jou lewensgang was. My eie roeping is meer soos Samuel s'n. Ek het wel gereeld in my lewe bevestiging ontvang dat ek tot die bediening moet toetree en ek kan myself nou regtig in niks anders sien nie.

**Vertel ons oor jou loopbaan, jou jare op universiteit en ervaringe by jou vorige gemeente.**

Ek het as jeugwerker by Elarduspark-gemeente gewerk terwyl ek studeer het en ek was altyd by die musiekbediening betrokke. Ek het Pauline, my vrou, ook by die kerk ontmoet en ons is getroud net na ek my studie voltooi het en ek na die NG kerk Suidkus in Amanzimtoti beroep is. Pauline het haar BSc-graad in fisiologie, genetika en sielkunde voltooi en het begin skoolhou.

By die gemeente in Amanzimtoti, waar ek vyf jaar gewerk het, het ek ontsettend baie geleer. Met my aankoms daar het die gemeenskap pas 'n enorme vloed oorleef en beide hulle gemeenteleraars wat meer as dertig jaar in die gemeente werksaam was, het toe ook boonop amper gelyk afgetree. Kort na my is ds. Liezel de Jager ook aangestel. Toe tref die Covid-19-pandemie ons en ons was nog besig om al steierende daarvan te herstel, toe volg die gewelddadige onluste in Kwazulu-Natal. Net na die onluste is my geliefde kollega, Liezel, vermoor.

Ek is steeds rou en seer oor haar dood wat ongeveer tien maande gelede plaasgevind het. Sy was 'n wonderlike kollega en werklik 'n geroepe volgeling van die Here. Sy het altyd gesê sy weet sy is maar net een deeltjie van sy groter plan.

Haar dood, net soos my broer se dood, het net weereens vir my die misterie van die dood bevestig. 'n Mens sou kon dink dat beide hierdie mense soveel vir die koninkryk kon beteken indien hulle die geleentheid gehad het om te leef en die Here se werk hier op aarde te doen. Maar, tog is daar in hulle dood ook 'n onsaghebbende getuienis van God se liefde en die uiteindelike besef dat ons as mense geen beheer het nie – ons is slegs deel van God se storie.

NG Suidkus het vir my en Pauline so baie beteken, ons het geleer hoop kweek en om liefde in mense raak te sien! Ons het werklik geleer dat tussendeur die seer is daar soveel stukkies lig. Ons het geleer dat God se kerk hoop kweek as ons as gemeente hande vat en saamstap. Ons het saam met die gemeenskap moeilike vrae gevra; saam gesing en gelag, saam gehuil in baie moeilike tye; saam by barrikades in die straat tydens onluste waggestaan; saam brood gebak met bestanddele uit gemeentelede se leë koskaste toe al die winkels gesluit was tydens die betogings; saam water by die kerk opgemop na die vloede; saam trokke vol donasies afgelaai. Ons het geleer om in dankbaarheid vir God se genade te leef.

**Wat doen jy in jou vryetyd?**

Ek is baie lief vir musiek, lees en leer. Ek speel self kitaar en skryf ook, maar ek lees meer as wat ek skryf. Ek het seker 'n effense perfeksionistiese streep, want ek het pakke halfgeskryfde liedjies wat nooit afgehandel word nie, omdat ek gewoonlik voel dit sê nie presies wat ek dink, of voel nie.

Ek lees meestal fantasie-fiksie. JRR Tolkien is een van my groot helde en sy stories het 'n reuse-impak op my lewe en denke gehad. My en Pauline se troue het selfs so bietjie van 'n hobbit-tema gehad. Ek gebruik dikwels stories om sin van die wêreld te maak en verwys ook dikwels in my preke na sulke stories of beelde.

Vervolg op bladsy 9 . . .

Ek is ook ontsettend lief vir die natuur en pak graag staproetes aan. Die natuur is die een plek waar ek regtig God se teenwoordigheid kan ervaar.

**Wat is volgens jou van die grootste uitdagings waarmee tieners tans te doen het?**

Ek dink veral tieners wat in die stad grootword se een groot uitdaging is om al die versoekinge waaraan hulle blootgestel word en wat hul aandag wil "beheer", te trotseer. Hulle het so baie opsies om van te kies dat hulle baie maklik in 'n lewe van gewoonte verval en nie werklik gefokus leef volgens 'n bepaalde waardesisteem en doelwitte nie. Ek glo die kerk het 'n groot rol te speel om jongmense te begelei om te bepaal wat hulle met hulle lewens wil doen en dan ook om 'n doelgerigte lewe daarvolgens te lei.

Een van die grootste uitdagings, veral in die stad, is om te onderskei wat werklik belangrik is en vervulling in die lewe bring, teenoor wat onbelangrik is. Ook om tussen al die voorbeelde deur uit te pluis waar hulle inpas, om te ontdek wie hulle is, soos wie hulle moet wees en wat regtig saak maak in die lewe. Daar is so baie dinge wat meeding om jongmense se aandag. Dit is juis hoekom ek glo dat die kerk en geloofsgemeenskap so belangrik is – om die jeug te begelei om te ontdek wat werklik belangrik in die lewe is.

Ons deel graag die volgende uit ds. Marius Schoombie se pen.  Hy het dit in 2018 vir die Kerkbode geskryf:

**Die vraag is hoe God teenwoordig is**

In die 13de eeu het Thomas Aquinas die opmerking gemaak dat die ontsaglike diversiteit en pluriformiteit van die skepping God beter verteenwoordig as enige skepsel alleen. Die skepping verteenwoordig God.

Ek lees ook Job 12, waar God vir Job sê: "Miskien moet jy die diere vra om jou te leer, die voëls daarbo om jou te vertel, of praat met die aarde dat dit jou leer en met die visse in die see dat hulle dit vir jou sê. Wie van hulle weet nie almal dat die hand van die Here alles gemaak het nie?"  Soos wat ons na enige kunswerk kan kyk en die wese van die kunstenaar daarin kan raaksien, kyk ons na die skepping en sien die wese van die Skepper. Die ganse skepping getuig van God. En terwyl ek David Attenborough se *Planet Earth* en *The Blue Planet* dokumentêre kyk, beleef ek die evangelie dat God werklik goed geskep het. Hoe langer en hoe dieper ek die kunswerk bestudeer, hoe duideliker sien ek die Kunstenaar daaragter. En ek besef dat as ek werklik vir God wil ken, ek die wetenskap ernstig moet opneem.

Die afgelope tyd dwaal my gedagtes herhaaldelik na nog 'n aanhaling wat aan Aquinas toegeskryf word: "'n Fout oor die skepping sal lei tot 'n fout oor God." Wanneer ons dít wat wetenskaplikes vir ons leer oor die kosmos nie ernstig opneem nie, maak ons foute oor wie God is. Dan skep ons vir God na ons beeld.

Wanneer ek die vestigiale tekens van evolusionêre ontwikkeling aan my eie lyf miskyk, tekens soos dié van die *palmaris longus* en die klein spiertjies wat my ore so effens kan beweeg, verstaan ek nie wat ek bedoel wanneer ek bely "ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde" nie.

Om die skepping ernstig op te neem, is egter nie 'n ligte saak nie. Dit beteken dat die goeie saam met die slegte aanvaar word. Dat dieselfde prosesse van tektoniese beweging wat lewe op aarde moontlik maak ook dodelike tsoenami's en aardbewings veroorsaak. Hoe is God betrokke by hierdie prosesse? Hoe is God betrokke in 'n wêreld waar die fondament van alle materie kans en onsekerheid is, soos Heisenberg uitgewys het?

Hoe meer ek worstel met hierdie vrae, hoe dieper vind ek myself geborge in die misterie van wie God is. Die vraag "hoe is God betrokke?" is vir my belangrik. Die vraag is nie "is God betrokke?" nie. In die woorde van die Psalmskrywer vra ek ook: "Waar sal ek vlug om u teenwoordigheid te ontkom?" God is ten volle teenwoordig in sy skepping. Die vraag waarmee ek sal aanhou worstel en waarin ek meer en meer van God ontdek, is: "Hoe?"

# Uitreike – Hier's ons weer!





Vanaf 1 Augustus 2022 is ds. René Potgieter vir die gemeente se getuienisbediening verantwoordelik. Sy neem dié leisels by ds. Why Duvenhage, wat einde Julie aftree, oor. Onder die getuienisbediening ressorteer al die gemeente se uitreikprojekte wat daarop gemik is om minderbevoorregte gemeenskappe en individue te ondersteun. Dis is dan hier waar die spreekwoordelike tekkie die teer slaan en ons ons gemeente se visie om uit te reik oor alle grense heen, prakties uitleef.

Ds. René Potgieter was die afgelope Junievakansie deel van die uitreikspan na Beaufort-Wes. *Stellenberger* het met haar gesels oor haar ervaringe rakende die spesifieke uitreik, asook oor die ander uitreike wat plaasgevind het.

**Dit was die eerste uitreik in twee jaar na Beaufort-Wes en ook na ons ander bekende uitreikdorpe soos Calitzdorp en Leeu-Gamka. Wat was jou algemene indruk van die dorp en die gemeenskap? Hoe het dinge in die twee jaar verander?** Die armoede het beslis toegeneem. Daar is min werksgeleenthede in die dorp met die gevolg dat baie gesinne finansieel swaarkry. Dit wil vir my ook voorkom of die toestand van die dorp agteruitgegaan het. Die dorp is vuil en die paaie vol gate. Dis jammer dat so 'n mooi dorp so moet verval.

**Hoe het die Covid-19-pandemie al hierdie plattelandse dorpe geraak? Sukkel hulle steeds om die gevolge van die pandemie te oorkom?** Die Covid-19-pandemie het beslis 'n impak op al die gemeenskappe gehad. Baie mense in die gemeenskappe het tydens die inperkings nie 'n inkomste verdien nie en het dus net verder in armoede weggesak. Nuwe geleenthede word nie geskep nie, wat tot gevolg het dat die jongmense nie werk kry nie. Dis ook hartseer om te sien hoe die moraal van die gemeenskappe agteruitgegaan het. Mense is moedeloos en negatief.

**Dink jy die afwesigheid van die uitreikspanne was vir hulle 'n gemis?**

Beslis. Al maak ons net die lewe vir hulle lekker vir 'n paar dae, maak dit tog in hulle lewens 'n verskil. Ons kom deel 'n warm mus en serp uit en plant 'n saadjie van hoop – iets wat hulle nie gehad het nie. Gedurende die vakansie kry die kinders nie kos by die skole nie; dus is baie van hulle honger. Daarom deel die uitreikspanne ook 'n bietjie pap en sop uit wat darem daardie honger magies vir 'n rukkie vol maak.

Vervolg op bladsy 11 . . .

**Het die armoede op dié dorpe toegeneem? Is dit sigbaar en waar is dit die sigbaarste?** Die armoede is duidelik sigbaar. Dis vir my baie hartseer om te sê, maar die kinders leer om met hongerte saam te leef. Daar is eenvoudig net nie geld om kos te koop nie. Die hele Beaufort-Wes vertel 'n storie van swaarkry en armoede en dit is so jammer dat dit die tendens in die meeste van ons plattelandse dorpe is.

**Wat is na jou mening die grootste maatskaplike probleme wat dié dorpe raak?** Armoede wat op verskillende plekke sigbaar is. Kinders is verwaarloos, jong tieners raak swanger en word onbekwame ouers, asook alkohol- en dwelmmisbruik. Bendes begin ook kop uitsteek. Dit is net so 'n hartseer situasie van verval.

**Hoe lyk die samestelling van die minderbevoorregte gemeenskappe? Is daar baie bejaardes of meer jongmense en kinders?** Ons het baie gefokus op die kinders. In 'n stadium het ek so staan en kyk oor 'n skare van 600 kinders en by myself gedink: Wat gaan eendag van al hierdie kindertjies word? Waar gaan hulle almal 'n heenkome vind? En dit was net in een gebied van die dorp. Daar is baie kinders – dit was vir my opvallend.

**Hoe lyk jou dag op 'n uitreik (van die oggend tot die aand)?** Soggens vanaf 10:00 tot 12:00 bied ons 'n program vir die kinders tussen die ouderdomme van drie tot 13 jaar aan. Ons bied 'n kort geestelike boodskap aan en deel dan ook pap of sop uit. Vanaf 14:00 tot 16:00 bied ons 'n leierskapkursus vir die jongmense aan. Die doel hiervan is om hulle toe te rus om leiers in die gemeenskap te wees. Ons beplan 'n opvolgsessie met hierdie leiers in September. Vanaf 16:00 tot 18:00 word 'n geestelike program vir al die jongmense aangebied en ons gee gewoonlik ook dan vir hulle iets te ete.

**Is dit veilig in die dorpe?** Ja, dis veilig. Ons probeer ook om nie in die aand programme aan te bied nie, sodat kinders voor donker weer by hulle huise kan wees.

**Is daar sterk leiers in die plattelandse gemeenskappe?** Daar is sterk politieke leiers, maar daar is nie soseer sterk gemeenskapsleiers wat 'n verskil in die gemeenskappe maak nie.

**Watter impak het die uitreikspanne in dié gemeenskappe? Kan hulle in die kort tydjie wat hulle daar is werklik waarde toevoeg tot die mense se lewens?** Dis die groot vraag wat ons telekemale vir mekaar vra. Wat is die doel van so 'n uitreik? Ons wil juis nie net vir 'n week 'n besoek, waartydens ons die kinders vermaak en dan weer onttrek, aflê nie. Ons moet juis besin oor wat 'n langer impak sal hê. Een so 'n poging is 'n sopkombuis wat ons saam met 'n plaaslike gemeente in die lewe wil roep. Die sopkombuis sal aanvanklik een keer per week sop aan honger mense voorsien. Die sop sal met 'n opleidingsessie gepaardgaan en om sop te ontvang, sal gemeenskapslede eers die opleiding moet bywoon. Die opleiding sal 'n geestelike- of toerustingsinslag hê. Op dié manier glo ons sal ons 'n meer standhoudende invloed op die gemeenskap hê.

**Is daar aspekte van die uitreike wat jy graag in die toekoms sou wou verander? E**k wens dit sou moontlik wees om twee keer per jaar 'n uitreik te onderneem.

**Hoe kan lidmate wat hier in ons stadsgemeenskap woon, betrokke raak en 'n verskil maak in die lewens van mense op dié dorpe?** Ons breigroep brei musse en serpe vir die kinders, waarvoor ons baie dankbaar is. Kinderklere is ook altyd welkom. So baie kinders sit daar in verslete en stukkende klere terwyl dit ysig koud is. Dan is finansiële bydraes ook welkom, veral as ons nou met die sopkombuis gaan begin. Die afgelope vakansie se uitreike het opnuut bevestig dat ons betrokkenheid in dié plattelandse gemeenskappe baie nodig is. Ons moet daar wees sodat ons 'n verskil kan maak.

# Ons kwartaalfokus: Om te leef – met ’n verskil!

Deur: Ds Marius Breytenbach



As daar twee tekste is wat ons almal goed ken, is dit Johannes 3:16, wat sê dat God die wêreld liefgehad het en 1 Korintihërs 13, wat ons vertel hoe liefde in ons godsdiens teenwoordig moet wees. Wat beide tekste gemeen het, is dat dit ons deur ons geloof wil rig om ’n praktiese verskil te maak. Om aan hierdie geloof uitdrukking te gee, het die vroegste gemeentes wat oor die hedendaagse Israel, Turkye en Europa verspreid was, ’n paar gemeenskaplike beginsels bepaal wat sou help om te midde van wesenlike verskille, hulle tot dieselfde Here te verbind. Een van die oudste dokumente wat hieraan uitdrukking gegee het, was die Geloofsbelydenis van Nicéa wat in die jaar 325 n.C. opgestel is en baie ooreenstem met die Apostoliese Geloofsbelydenis wat ons gereeld hardop in die kerk bely. Die woord “ortodoks” dui op ons gemeenskaplike geloof wat in hierdie en ander vroeë Christelike dokumente verwoord word – die inhoud daarvan het ons al in die Sondagskool geleer.

Die groot vraag nou is of die getuienis van hierdie “ortodoksie” wat oor eeue heen in die kerk oorgedra is, vandag in “ortopraksie” – wat relevant en van toepassing is vir die tyd waarin ons nou leef – gestalte vind. Al sou ek die tale van engele kon spreek, en die gawes besit om te kan profeteer en deur geloof berge kon versit, en al het ek al die kennis . . . sonder liefde is ek niks (1 Korinthiërs 13).

Kom ons benader dit van ’n ander kant af. Die liefde waaroor Paulus met ons praat, is baie meer as net die emosie wat ons teenoor ander ervaar. Dié liefde is die impuls wat ons ontvang om op ’n sekere manier te praat en op te tree sodat ons elke dag met ’n verskil kan leef. Hoe lyk hierdie verskil wat deur elkeen van ons gestalte vind – in ons gemeente, die gemeenskap en ons land? In dié tyd van die kerkjaar wat as Koninkrykstyd bekendstaan, gaan dit ons fokus in Stellenberg se dienste en bedrywighede wees. Kom ons reis die volgende paar maande saam, gefokus om konkreet gestalte te gee aan hoe God vandag die wêreld wil seën.

# Sondagkoster – ons groet vir Susan en verwelkom vir Christine

Susan van Zyl het in 1995 as Sondagkoster in die gemeente begin werk. Sedertdien is sy elke Sondag vanaf 07:15 op haar pos om seker te maak alles is reg en gereed vir die eredienste. Susan het al voorheen aan Stellenberger vertel hoe 110 klein goedjies op 'n Sondag baie vinnig skeef kan loop – veral die oggend toe die klok se bel sommer een Sondagoggend deur die kerk se dak tot op die vloer geval het.

Susan is egter met 'n vriendelike, flegmatiese temperament geseën en het enige voorval op haar kenmerkende kalm manier hanteer. Sy het haar boonop oor die jare as 'n staatmaker wat altyd bereid was om by enige gemeenteaktiwiteit behulpsaam te wees, bewys.

Die verantwoordelikhede op 'n Sondag stop ook nie sommer net na die eredienste nie. Daar is heelwat opruimingswerk nadat die kafeteria en teetuin leegloop en dan begin voorbereidings vir die aand se jeugdiens weer.

Susan het aftreeouderdom bereik en moet die gemeente se diens verlaat. Haar teenwoordigheid en raakvat gaan beslis op Sondae 'n baie groot gemis wees.

*Mag Sondae nou ook vir jou 'n rusdag word, Susan. Ons gun jou die blaaskans en is dankbaar dat ons jou nog by die feesmark sal raakloop. Red.*



Susan van Zyl

Christine Morsbach, ook geen onbekende in die gemeente nie, is in Susan se plek as Sondagkoster aangestel. Christine is reeds die afgelope vier jaar by die gemeente werksaam as 'n assistant tydens die aanbieding van begrafnisse. Sy is ook 'n bekende gasvrou by die kafeteria op Sondae en het tydens die onlangse Pinkster ook die bediening van sop na die eredienste gekoördineer.



Christine Morsbach

Welkom by die span, Christine. Ons vertrou dat 'n geseënde dienstyd vir jou in die gemeente voorlê.

# Philipp en Floris se pienkvoet

Mienkie is op 23 Junie gebore en het met die eerste oogopslag haar pa's se harte gesteel.

Sterkte aan julle twee met die pajama-patrollie, maar ons glo sy gaan 'n groot seëning in julle lewens wees. Baie geluk!



# Omgee in 'n tyd soos nou

Deur: Ds. René Potgieter

WEEK VAN BARMHARTIGHEID
14 TOT 18 AUGUSTUS 2022

God het 'n brandende hart vir mense. Jesus het Hom telkens oor die armes ontferm toe Hy hier op aarde was. Omgee vir, of diens aan ander mense is die vervulling van die tweede liefdesgebod – om jou naaste lief te hê soos jouself. Jesus se hele bediening was 'n bediening van omgee. Hy het die behoeftiges en noodlydendes gehelp. Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan is die meesterverhaal wat vir ons wys hoe belangrik omgee is. Omgee is immers in wese 'n prentjie van wie God as die barmhartige God is. Wanneer ons vir ander omgee, doen ons die wil van die Vader. Jesus verwag ook van ons om vir ander mense om te gee. Hy het gesê: "Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is" (Luk. 6:36).

Omgee verg van ons om sagte oë en 'n warm hart vir ons naaste te hê, en dan met hande en voete uitvoering aan ons gevoel van barmhartigheid te gee: Wie aardse besittings het en sy broer [of suster] sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom [of haar] het nie – hoe kan die liefde van God in hom wees? Omgee is 'n lewe van diensbaarheid – 'n lewe waarin ander mense se belange by jou net so swaar weeg soos jou eie, 'n lewe waarin 'n mens jou hulpbronne, tyd, invloed en vaardighede gebruik ten bate van jou medemens, of dit nou is om hulle te beskerm, te versorg, te koester, of vir hulle regte op te kom.

Nood het verskillende gesigte. Nood neem die gestalte aan van geestesgesondheid, siekesorg, rampgebeure, behuisingsnood, haweloosheid, verslawing en talle ander aan. Wat is die kerk se rol in al hierdie seer van die wêreld? Dit is juis die vraag wat ons wil oordink tydens die week van barmhartigheid.

'n Propvol program word aangebied en daar is baie



om na uit te sien.

Die week skop af op Sondag 14 Augustus met ds. Nioma Venter wat die erediens, wat juis handel oor die tema van barmhartigheid, sal lei.

Vanaf 14-18 Augustus 2022 sal daar in die grootsaal van Stellenberg-gemeente verskillende uitstallers, wat 'n beduidende verskil in die gemeenskap maak, wees. Die doel van die uistalling is juis om ons bewus te maak van hoe en deur wie nood op verskillende vlakke verlig word. Van die uitstallers is MES, KANSA, CABSA, Arbeidsbedieninge, Straatwerk en Ramot. Lidmate word uitgenooi om die uitstalling by te woon. Dit is gratis.

Vanaf 16-18 Augustus 2022 sal werkswinkels oor barmhartigheid en diensbaarheid aangebied word.

Die tydsindeling vir elke dag se aanbieding is soos volg:

- 09:00 tot 11:30: Bespreking oor die onderwerp vind rondom tafels plaas. Dit sal vanuit verskillende hoeke soos die Ou Testament, Nuwe Testament en praktiese teologie, bekyk word.
- 14:00 tot 15:30: Verskillende sprekers sal die onderwerp bespreek en hulle standpunt met ons deel.

Om die drie dae se werkswinkels by te woon beloop R300 per persoon. Dit sluit alle materiaal en etes in. Kontak asb. vir ds. René Potgieter by rene@stellenberg.co.za as jy sou belangstel om dit by te woon.

# Leeu-Gamka en sy mense is aan my geskenk

Deur: Anja Stofberg






**Ek het nou lank gesit en dink aan hoe 'n mens iets wat so 'n groot impak op jou lewe gehad het, kan beskryf.**

Ek dink ek sal graag met blydskap begin: Die glimlagte op almal in die gemeenskap se gesigte. Die oorweldigende blydskap van die kinders van die begin tot die einde. Die inwoners wat so baie ook van jou as mens wil weet. Elke groet in die verbystap, hoe hulle net so bly is om te stop en met jou te praat, waar in die normale gang van die lewe jy net verby iemand sou stap en nie weet wat in daardie persoon se lewe aangaan nie. Die gelag van die kinders vir die kleinste goedjies en hoe dankbaar hulle is vir dit wat hulle het, het my opnuut laat besef hoe baie ek het en dan steeds kla oor goed wat nie eers saak maak nie.

Dan is daar die keersy: Die aantal mense sonder werk en die aantal tieners wat nie hoërskool toe kan gaan nie, omdat hulle nie vervoer het nie. Die kinders wat moed opgee, omdat hulle nie dink daar is iets anders vir hulle buite Leeu-Gamka nie en dat die mense daar net sit en wag om dood te gaan. Die skokkende hoë voorkoms van dwelmmisbruik onder tieners – 'n twaalfjarige meisie het 'n groepsessie bygewoon terwyl sy onder die invloed van die een of ander middel was. En hoe hulle verkeerde goed begin doen omdat daar eenvoudig niks beters is om te doen nie.

En ook hoop: Hoe 'n glimlag, 'n handjie vashou en iets eenvoudigs soos om iemand se naam te vra, vir hulle ongelooflike waarde en betekenis het. Die tikkie hoop wat tog wel in die gemeenskap bestaan en die goeie voorbeeld wat deur die gemeenskapleiers gestel word. Die passievolle wyse waarop hulle die Here dien, waaroor ek met eerlikheid kan sê dat hulle dit nie halfhartig doen nie, maar met volle oorgawe. Ek het ook die voorreg gehad het om met die paramedici wat diens op die dorp doen te gesels en al die stories te hoor van wat hulle al beleef en gesien het, maar ook hoe sterk hulle geloof is.

My geskenk: Ek het by hierdie gemeenskap geleer om dankbaar en geduldig te wees en opreg belang te stel in die mense om jou.

Ek wil afsluit deur vir Stellenberg-gemeente dankie te sê. Julle harte is op die regte plek en dit kan 'n mens sien in die wyse waarop julle ander mense hanteer, ongeag waarvandaan hulle kom. Die uitreik se spanlede is altyd passievol oor alles wat hulle aanpak en dis inspirerend. Die Here het julle en Leeu-Gamka my oor my pad gestuur en ek is bitterlik lief vir julle elkeen. Julle gee aan mense hoop vir 'n beter wêreld.

* Anja Stofberg is 'n graad 10-leerder aan die Hoër Meisieskool Paarl en haar ouers boer naby Rawsonville. Sy het saam met 'n vriendin in Stellenberg-gemeente aan die uitreik deelgeneem.


# Die muur van herinnering se ingang is verskuif

Die muur van herinnering se ingang is verskuif en die nuwe ingang is nou baie meer toeganklik vir diegene wat die nisse wil besoek. Ons is dankbaar vir almal se samewerking wat die groot verandering moontlik gemaak het en glo dit gaan oor die langtermyn toegang tot die area vergemaklik.





# Die ou kafeteria word vergroot



Die skuifdeure tussen die ou kafeteria en die binnehof van die saalkompleks is verwyder. Die binnehof en die ou kafeteria kan nou as een vertrek benut word en bied heelwat meer spasie en moontlikhede met die oog op die verhuring van die vertrek.

# Skattemark Saterdag 30 Julie

Kom kuier saam op Saterdag 30 Julie vanaf 10:00 tot 14:00 en spoor ’n paar skatte van onskatbare waarde op. ’n Groot verskeidenheid gebruikte, maar bruikbare items gaan verkoop word. Daar sal ook ’n lekker verskeidenheid eetgoed soos pizzas, worsbroodjies, koffie, lekkergoed en springmielies te koop wees. Daar is ook geleentheid vir kinders om te leer kerse maak. Dit beloof om ’n heerlike uitstappie vir die hele gesin te wees.



# ’n #Werkbesoek en ’n dak wat lek

“Desmond en sy vrou, Magdél, is nuwe lidmate in die gemeente,” vertel ds. Johan Visser. “Desmond het aan die begin van die jaar by die mannegebedsgroep op Donderdagoggende ingeskakel. Ons het een oggend tydens ’n gebedsbyeenkoms gesels oor Jacques Holtzhauzen, een van die gemeente se terreinwerkers, wie se huis in Delft ernstige waterdigtingsprobleme gehad het.

“Desmond, ’n boukontrakteur en eienaar van die besigheid genaamd Happy Homes and Lifestyle, doen enige opgradering of herstelwerk waaraan ’n mens kan dink, aan huise. Hy het toe aangebied om Jacques se huis onder hande te neem. Ek het hom en sy werkers by Jacques se huis in Delft ontmoet, waar hy toe besig was om die lekkende dak onder hande te neem. Jacques se huis het ook ’n verdere probleem gehad met water wat tussen die bakstene van die buitemure die huis insypel en Desmond het sommer dié probleem ook getakel. Daar is steeds ernstige dreineringsprobleme op die erf en Desmond het aanbeveel dat ’n put moontlik gegrawe moet word om die probleem op te los.

“Kontak my, of enige een van ons ander leraars vir ’n #werkbesoek, nooi Johan Visser. “Op die manier kan ons mekaar beter leer ken en dit bied aan ons as leraars die geleentheid om jou en jou personeel, asook jou besigheid aan die Here op te dra. Hoekom? Want jy en jou familie is vir ons as gemeente belangrik. Kom ons versorg en ondersteun mekaar!”



Foto: Op die foto van links is Desmond Kotze,
Dean Simonhoff, ’n goeie vriend van Jacques en Johan Visser.



Die huis se dak wat herstel is.

**Stellenberger**

**Samesteller:** Sanèl Joubert **Taalversorging:** Annemarie Spies

**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519

NG kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal www.stellenberg.co.za